



HUISWERKBELEID

GRAAD 4

1. Geskrewe huiswerk sal alleenlik gegee word vir hersiening of om sekere begrippe vas te lê. Geen nuwe begrippe sal voorgeskryf word as deel van huiswerktake nie. Leerders wat take nie gedurende klasyf voltooi het nie, asook leerders wat weg was vir musieklesse, of wat afwesig of laat was, sal wel die take by die huis moet voltooi.
2. Leerders sal van Maandag tot Donderdag ten minste 'n halfuur moet spandeer aan **tafels, spelling en hardoplesses**. Op sekere dae moet 'n maksimum van tien minute aan die Eerste Addisionele Taal bestee word, maar nie elke dag nie. Elke dag moet daar onderleiding van 'n ouer in albei tale vier tot vyf minute van hardoplesses geskied.
3. Leerders sal ten minste tien dae voor 'n **Mondeling of Oral** daarvan in kennisgestel word.
4. **Matrikse** vir verskeie assessorings sal gegee word wanneer die taak / projek aangekondig word.
5. **Navorsingsmateriaal** vir projekte sal verkrygbaar wees by die skoolbibliotheek. Soms sal dit van die huis af gebring moet word. Leerders word aangemoedig om aan te sluit by hulle naaste munisipalebibliotheek. Geen projekte sal by die huis gedoen word nie. By die gebruik van die internet of ander bronne, moet seker gemaak word dat geen plagiaat gepleeg word nie.
6. Wanneer daar vir **gestandardiseerde assessorings** voorberei word, sal meer tyd aan huiswerk spandeer moet word. Leerders sal in die eerste week van elke kwartaal 'n **program** ontvang van daardie kwartaal se assessorings, waarvoor daar voorbereiding van die leerder vereis word.
7. Opvoeders van **praktiese / spesialis vakke** moet sorg dat die leerders goed ingelig is ten opsigte van wat hulle nodig het vir die vak. Dit sal die ouers en leerders help om hulle sodanig te organiseer. Van hierdie opvoeders word ook verwag om toetsdatums op die kwartaalprogram te plaas en sodoende 'n opeenhoping van assessorings te voorkom.
8. Gewoonlik word **huiswerk nie op 'n Vrydag** gegee nie. Af en toe mag dit wel gebeur.
9. Ouers moet **daagliks die huiswerkboek teken**. Ouers moet ook kortliks verduidelik waarom 'n taak nie gedoen is nie of as 'n boek by die skool vergeet is.
10. **Vertroulike korrespondensie** tussen die ouer en die opvoeder moet plaasvind d.m.v. 'n e-pos of 'n brief in 'n verseëlde koevert. Kennisgewing van sodanige korrespondensie moet net in die huiswerkboek aangeteken word.
11. Die **maksimum tyd** wat aan huiswerk in Graad 4 bestee moet word, is tussen **45 minute**

en 1 uur. As formele toetse/eksamens op hande is mag hierdie tyd dalk langer wees. Ouers moet asseblief hul kind help om 'n studierooster op te stel sodat hul bewus kan word van tydsbestuur.

12. **Opvoeders verwag die volgende van die ouers:**

Oor die algemeen mag ouers **hulp verleën** met die afhandeling van huiswerk.

Skep 'n **rustige omgewing** waar huiswerk gedoen kan word.

Ouers moet leerders bystaan om **georganiseerd en pliggetrou** hulle take huis te voltooi.